
“KOM, O HEILIGE GEES!!!”

Oproep tot 10 Dae van Gebed vir Herlewing in Suid-Afrika

25 Mei – 4 Junie, 2017

Besigheid, ekonomie en die arbeidsmark

Die wêreld het nie rolmodelle nodig nie, maar meer van Jesus – die grootste Rolmodel. Mense sal nie 'n beter persoon vind wie se positiewe karaktereenskappe hulle kan naboots as Jesus Christus self nie. Ons bid vir die volgende 7 dae dat die karakter van Jesus sigbaar sal word in alle kringe van die samelewing in Suid-Afrika.

Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. (Kolossense 3:12-13).

Bid vir 'n karakter soos Jesus s'n: Geduld. Bid dat leiers in die sake- en ekonomiese sektore, asook in die arbeidsmark, geduldig sal wees in alles wat hulle doen, of hulle nou met een persoon of met duisende te doen het. Bid vir 'n gesindheid om die mense rondom hulle te dien – harte wat altyd in ander se beste belang sal optree, (veral die armes), en wat God se koninkryk bevoordeel.

Samelewing, kuns en kultuur, landbou

Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselede en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseledes. (Jesaja 57:15).

Bid vir 'n karakter soos Jesus s'n: Nederigheid. Jesus is die Seun van God; tog het Hy nooit op lof aangedring vir Sy wonderwerke en leringe nie. Hy het nooit op kos of verblyf aangedring nie. Bid dat dié wat betrokke is by kuns, kultuur en die landbousector, in die belang sal optree van die mense wat hulle dien en hulle sal toerus, oplei en help. Vra dat hulle die verlore nes sal raaksien en redding aan hulle sal verkondig net soos wat Jesus gedoen het. Bid dat hul loopbane nie gebou sal wees op grootpraterij oor die gawes of mag wat hulle van God ontvang het nie.

Opvoeding en tegnologie

En laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom. (Hebreeërs 10:24-25).

Bid vir 'n karakter soos Jesus s'n: Toewyding. Bid dat skoolhoofde, onderwysers en dosente getrou sal wees in hul bediening van jongmense wat 'n opvoeding begeer. Vra dat hulle

volkome toegewyd sal bly werk aan hul doelwitte ten spyte van teenkanting, moeilikhede of hindernisse. Bid dat hulle met begrip vir die jongmense sal dien en individuele aandag aan leerders en studente sal gee, soos wat Jesus aan Saggeüs gegee het.

Plaaslike en nasionale regering

En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde. Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie. (2 Petrus 1:5-8).

Bid vir 'n karakter soos Jesus s'n: Selfbeheersing. Voordat Jesus met Sy bediening begin het, het Hy tyd in die wildernis deurgebring waar Hy deur die duiwel versoek is. Hoewel die duiwel vir Hom kos, mag en ander dinge aangebied het, het Jesus Sy begeertes in bedwang gehou en hulle almal aan die Vader se wil onderwerp. Bid dat leiers in die plaaslike en nasionale regerings 'n hart soos die Here sal hê in elke aspek van hul daaglikse werk en verantwoordelikhede. Vra dat hul grootste begeerte sal wees om die Here te gehoorsaam en alles uit te voer wat Hy vir hulle beplan het.

Uitsaaiwese, gedrukte, digitale en sosiale media

'n Dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra. Hy moet die weerspanning in sagmoedigheid tereg wys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen. (2 Timoteus 2:24-26).

Bid vir 'n karakter soos Jesus s'n: Sagmoedigheid. By tye was Jesus se woorde streng, maar Hy het geweet wanneer dit gepas was om saggies te praat – veral met kinders. Bid dat leiers in die mediawêreld hoë morele waardes sal handhaaf en integriteit hoog sal ag. Vra dat daar 'n toename in mediaberigte sal wees wat mense se harte met hoop sal vul. Bid veral dat wêreldsheid in die media vervang sal word met materiaal wat die regmatige plek van ouers in die gesin, ouerlike gesag, die kerk en samelewing sal vestig. Vra dat media-inhoud wat die regering aanmoedig om reg en geregtigheid in ons land tot stand te bring uitgesaai, gedruk of op sosiale media geplaas sal word.

Familie, sport en rekreasie

Jubel, o hemele, en juig, aarde; en berge breek uit in gejubel! Want die HERE het sy volk getroos en ontferm Hom oor sy ellendiges. (Jesaja 49:13).

Bid vir 'n karakter soos Jesus s'n: Deernis. Bid dat egpare toegewyde ouers sal wees en dat albei ouers hul tyd, energie en geld sal opoffer vir hul kinders se geestelike groei en beskerming. Bid dat ontspanning nie net op die mens self gerig sal wees nie, maar dat dit ook 'n geleentheid sal wees om met God en geliefdes op selflose en betekenisvolle maniere kontak te hê.

Christelike kerke, godsdiens en oortuigings

En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. (Lukas 23:34).

Bid vir 'n karakter soos Jesus s'n: Liefdevol en vergewensgesind. Een van die redes waarom mense niks met Christene te doen wil hê nie, is dat hulle ons hoogmoed, vooroordeel en veroordelende gesindhede raaksien. Bid dat ons as Christene die evangelie en Jesus se liefde op nie-veroordelende maniere aan nie-gelowiges sal oordra, opregte deernis sal betoon soos wat Jesus betoon het en nie-gelowiges sal nader trek totdat hulle dit nie langer kan weerstaan om Jesus as hul Redder te leer ken nie. Bid dat Christene in Suid-Afrika soos Christene in die Midde-Ooste sal wees, wat dié wat hulle vervolg en wat Jesus nog nie persoonlik ken nie, vergewe en liefhet. Vra dat alle Christene harte sal hê wat daarna smag om ander te dien en vir Christus te wen, selfs al moet hulle persoonlike verlies ly.

Kom, O Gees van God!

En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. (Handelinge 2:2). Ons is so bekend met hierdie vers maar die vraag is, is dit bloot iets waarin ons belang stel? Hoe het die geluid uit die hemel geklink? Het enigiemand dit sedertdien ervaar? Wek hierdie vers 'n begeerte in ons om te sê: "Here, laat dit ook met ons gebeur!"? Kom ons vra God met vrymoedigheid hiervoor, deur gebed en smeking, met desperaatheid en geloof. Hy is vandag nog dieselfde God!